

Deur Zippo Lamprecht



BORAN lewer uitstaande Boran-bulle

Die Bloodline Veldbulklub bestaan sedert 2012 en het alreeds verskeie veldbultoeitse gedoen waarby Boran-bulle betrokke is. Die klub is geaffilieer met Veldbul- en -ram Suidelike Afrika (VBRSA) en word onder my toesig bedryf. Die verwerking van data word in samewerking met die welbekende dr Hannes Dreyer van Vrede gedoen. Die beginsel en visie van veldbultoeit is dat beesvleis slegs van die veld af volhoubaar geproduseer kan word. Om dit koste-doeltreffend te doen en in kompetisie te bly met ander vleisbedrywe, moet die doeltreffendheid van prestasie op die veld verhoog word. Om hierdie visie te verwesenlik, beywer die Bloodline Veldbulklub hom daarvoor om, deur middel van sinvolle toetsing onder die beskerming van VBRSA, soveel as moontlik veld-aangepaste Boran-bulle te identifiseer en aan die bedryf beskikbaar te stel. Verder beywer die Bloodline Veldbulklub en VBRSA hulle vir die wetenskaplike, sinvolle, konsekwente en betroubare toepassing van prestasiedata.

Boran-veldbulle

Bulle word hoofsaaklik vir drie redes op die veld getoets, naamlik:

- **Aanpasbaarheid:** Die begrippe "aanpasbaarheid" en "gehardheid" word dikwels met mekaar verwar. Aanpasbaarheid kan gedefinieer word as die vermoë van diere om in 'n spesifieke omgewing te oorleef, reproduseer en produseer. Gehardheid, aan die ander kant, verwys na 'n dier se aanpasbaarheid by sub-optimale omgewingstoestande.
- **Vrugbaarheid:** Die uitwerking van hoë energierantsoene (kragvoer) op 'n vroeë ouderdom op die ontwikkeling van die herkouer se voormae (rumen) is alombekend. Dit is egter so dat sulke gevoerde bulle sukkel om op die veld aan te pas

en baie word na een dekseisoen uitgeskot. Die uitwerking op vrugbaarheid is reeds 'n geruime tyd gelede in Kanada nagevors, maar is eers die afgelope paar jaar in Suid-Afrika ondersoek.

- **Groei op die veld:** Die rede waarom daar met herkouers geboer word, is omdat hulle in staat is om voedingstowwe wat nie deur die mens gebruik kan word nie, bv. gras en ander ruvoere, in benutbare produkte soos vleis en melk te omskep. Die grootpens of voormaag van die herkouer is die unieke "fabriek" wat die dier in staat stel om hierdie funksie te verrig. Daarom is dit nodig dat hulle ten volle moet ontwikkel om ruvoer te kan verteer.

Toetsprosedure

Tans word Boran-bulle vanaf die begin van September tot April die volgende jaar ingeneem. Gedurende die wintergedeelte van die toets ontvang die bulle op die veld 'n onderhoudslek en tydens die somer 'n P6-fosfaatlek en klipsout-aanvulling. Die bulle word drieweekliksgeweeg en drie vorderingsverslae word gedurende die toetsfase aan telers gestuur. Die toetsydperk duur gewoonlik van 180 tot 240 dae.

Die volgende metings word geneem: Masatoename, kondisietelling, temperament-telling, bespierung, bosluistelling, haartelling, pelvisgrootte en skrotumomtrek.

Prestasie van Boran-bulle

Die volgende word bereken: Gemiddelde daaglikse toename (GDT) volledige toets, GDT piek somerperiode, bosluisweerstand, Kleiberindeks, veldvoeromset (VVO), temperamentindeks, kondisie-indeks, bespierungsindeks, pelvisgrootte en



Hierdie Boran-bul is 'n tipiese voorbeeld van 'n uitstaande SA Veldbul met die kenmerkende Veldbul-brandmerk op sy blad.

skrotumindeks. Daar word ook 'n ekonomiese indeks uitgewerk. Die gemiddelde GDT was 700g per dag oor twee verskillende seisoene, wat deur Boranbeeste in die Bloodline Veldbulklub se veldbultoeit se behaal is, met die beste bulle van verskillende toetse se gemiddeldes van 797g per dag en die beste bul teen 851g per dag gedurende die toetsydperk (in 'n ekstensiewe winter- en somerveldfase). Die gemiddelde VVO was 9,64g per dag met die beste bulle teen 8,46g per dag en die heel beste bul 7,58g per dag. Die gemiddelde beginmassa was 212kg met 'n gemiddelde eindmassa van 325,5kg. Die beste bulle van die verskillende toetse het 'n gemiddelde beginmassa van 213,5kg gehad en op 372kg afgesluit. Hieruit kan waargeneem word dat die beter veldbulle net 1kg bo die gemiddeld begin het, dus 'n baie gemiddelde bul met die aanvang van die toets en dan 46,5kg beter as die gemiddelde bulle eindig. Teen R20/kg is daar dus R930 ekstra uit natuurlike veld teen die laagste koste verdien.

Vir meer inligting, kontak Zippo Lamprecht by 082 396 9071 of die Boran Beestelersgenootkap by tel +27 51 410 0900. Besoek ook die webtuiste by www.boran.org.za.